

**SONDAG 19 AUG 2001**  
**NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID**  
**AANDDIENS - NAGMAAL**

**LITURGIE**

Opmerkings: Geen voorsang - slegs rustige musiek

Diakens: Bedien almal met brood en kelkies - kom sit - almal gebruik saam

Kollekte: slegs by deure

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD</u>
	Musiek	Rustige voorafmusiek	
Liturg	Welkom & groet	Open 1:4 <sup>4</sup> Van Johannes. Aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië. Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, <sup>5</sup> en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos <sup>6</sup> en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen. <sup>7</sup> Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyte weeklaag. Ja, dit is seker! <sup>8</sup> “Ek is die Alfa en die Omega,” sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.	
Roux	Musiek	Agnus Dei (Willie Joubert)	
**	Gebed		
**	Skriflesing	Gen 28:10-19	Skrif
Liturg	Preek	Op soek na God...	Skrif
Almal	Toewyding		
Liturg	Waarskuwing	1 Kor 11:17-34 <sup>17</sup> Noudat ek besig is om voorskrifte te gee—daar is dinge wat ek nie prysenswaardig vind nie. Dit is dat julle samekomste eerder kwaad doen as goed. <sup>18</sup> Wat my veral hinder, is dat daar, soos ek hoor, verdeeldheid onder julle is wanneer julle as gemeente saamkom; en gedeeltelik glo ek dit ook. <sup>19</sup> Daar moet trouens partyskappe onder julle wees sodat dit bekend kan word wie van julle die toets kan deurstaan. <sup>20</sup> As julle dan as gemeente saamkom, is dit nie meer die nagmaal van die Here wat julle vier nie, <sup>21</sup> want by die gemeenskaplike maaltyd eet elkeen gou sy eie eetgoed, met die gevolg dat party honger bly en party te veel drink. <sup>22</sup> Het julle dan nie huise waar julle kan eet en drink nie? Of het julle nie eerbied vir die gemeente van God nie, en wil julle die armes verneder? Wat moet ek vir julle sê? Moet ek julle prys? Hieroor prys ek julle beslis nie!	

Liturg	Nagmaalsformulier (1 Kor 11)	<p><sup>23</sup> Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem <sup>24</sup> en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: “Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis.” <sup>25</sup> Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.” <sup>26</sup> Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. <sup>27</sup> Elkeen wat op ’n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here. <sup>28</sup> Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink, <sup>29</sup> want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur ’n oordeel oor homself. <sup>30</sup> Daarom is daar baie swakkes en sieklikes onder julle en sterf daar baie van julle. <sup>31</sup> As ons onself vooraf reg ondersoek het, sou ons nie onder die oordeel gekom het nie. <sup>32</sup> Maar nou word ons deur die Here geoordeel en getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel sal word nie. <sup>33</sup> Daarom, my broers, as julle saamkom om die nagmaal te vier, wag vir mekaar. <sup>34</sup> As een van julle honger is, moet hy liever by die huis eet, sodat julle nie ’n oordeel oor julle bring as julle bymekaarkom nie.</p>	
Liturg	Geloofsbelydenis	Almal hardop saam	
**	Gebed om Seën		
Diakens	Bediening	<p>Diakens deel brood en kelkies uit. Kom sit in diakenbank. Almal gebruik gelyktydig. Twee diakens deel die groot beker uit.</p>	<p>Musiek: Nagmaalslied (Willie Joubert)</p>
**	Lofprysing		
**	Gebed		
Hannes	Lied	Hemelvader, Ek aanbid U	
Liturg	Seën		
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig

# PREEKSKETS

Een van die groot ruimtevaarders van die vorige eeu het eenmaal, nadat hy op die maan gestap het, gesê: Ek was op die maan en ek het God nie gesien nie.

Baie mense is op soek na God.

- Gaan van die een kerk na die nader.
- Lees die een boek na die ander.
- Volg die een prediker/profeet na die ander.
- Woon die een kamp na die ander by.

Op soek na God.

Lenny Bruce (Stories vir die lewe p117)

“Elke dag sien ek mense wat die kerk verlaat - op soek na God”

- Hulle sit Sondag vir Sondag in die kerk - en vind nie nie God nie.
- En op 'n dag verlaat hulle die kerk om elders na God te soek.
- Soms in 'n ander kerk.
- Soms in 'n klein splintergroepie buite die amptelike kerke.
- Soms selfs in 'n totaal nuwe godsdiens soos Boeddisme.

A.W. Tozer (Stories vir die lewe p117)

“'n Mens kan so meegevoer word deur jou eie verering van God, dat jy die God wat jy vereer nie meer raaksien nie.”

Waar is God?

Waar kan jy Hom kry?

Waar moet jy gaan soek na Hom?

## Ja, God is baie naby

### Adam en Eva:

- Adam en Eva stap een middag in die tuin van Eden.
- Dit was 'n gewone tuin soos enige nader tuin.
- Behalwe dat daar twee bome was waarvan hulle nie moes eet nie.
- En daar was ook nie bossies wat hulle moes uittrek nie.
- Maar verder was dit 'n gewone tuin.
- Dan lees ons:

*Gen 3:8 <sup>8</sup> Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin.*

- Waar was God toe Adam en Eva in die tuin was?
- Hy was ook in die tuin.
- En toe hulle eendag vir 'n oomblik tjoepstil bly en luister - uit vrees omdat hulle sonde gedoen het - toe hoor hulle vir God aankom in die tuin.

Baie keer soek ons vir God daar anderkant.

Terwyl Hy in die tuin saam met ons is.

### Jakob:

*Gen 28:10 <sup>10</sup> Jakob is van Berseba af weg na Haran toe. <sup>11</sup> Teen sonder het hy by 'n plek gekom waar hy kon oornag. Hy het daar 'n klip vir 'n kopkussing gebruik en gaan lê en slaap. <sup>12</sup> Hy het gedroom: 'n leer staan op die aarde en die punt van die leer raak aan die hemel, en engele van God klim op en af met die*

leer. <sup>13</sup> Toe kom staan die Here by Jakob en sê: “Ek is die Here die God van jou voorvader Abraham, die God van Isak. Ek sal die grond waarop jy lê, vir jou en jou nageslag gee. <sup>14</sup> Hulle sal so baie wees soos die stof van die aarde, en jy sal jou gebied na alle kante toe uitbrei, en in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees. <sup>15</sup> Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het.”

<sup>16</sup> Jakob het wakker geskrik en gesê: “Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.” <sup>17</sup> Jakob het bang geword en gesê: “Hoe skrikwekkend is hierdie plek! Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel.” <sup>18</sup> Die volgende môre het Jakob opgestaan en hy het die klip wat sy kopkussing was, gevat en dit regop gesit. Toe giet hy olie op die bopunt daarvan uit. <sup>19</sup> Hy het die plek Bet-El genoem.

- Jakob is oppad na sy oom Laban se huis toe.
- Sy lewe is omtrent deurmekaar.
- Hy het sy pa bedrieg.
- Hy het sy boetie bedrieg.
- Nou moet hy vlug.
- Oppad soontoe kom hy by sekere plek in die veld.
- Daar is niks anders as klippe.
- En hy besluit om daar te oornag.
- En hy kry vir hom 'n klip vir 'n kopkussing.
- En nou slaap hy.
  
- Ek kan dink as dit nou ons was.
- Hoe sou ons daai volgende more gekla het.
  - Ek het nie lekker geslaap nie.
  - My nek is seer.
  - My hele lyf is seer.
  - Ek het omtrent nie 'n oog toegemaak nie.
- Weet julle wat sê Jakob as hy die volgende more wakker word?
  - Hierdie plek is vol van God.
  - Dit is net klippe.
  - 'n Lelike ou plekkie.
  - Maardie hierdie plek is vol van God.
- En raai wat noem hy die plek?
  - "Hard geslaap"?
  - "Plek van klippe"?
  - Nee, hy noem dit Bet-El = Huis van God.

Ek wonder hoeveel mense het al voorheen by daai plekkie gekom.

Daar moes tog baie mense daar verby gekom het.

Hoeveel mense het al daar oorgeslaap.

Ook seker 'n hele klomp.

Het hulle ook agter gekom dat God daar is?

Of het hulle net die klippe gesien?

So baie keer sien ons vir God nie raak nie.

So baie kere is ons op soek na Hom in allerhande dinge - terwyl Hy eintlik so naby is.

Twee honderd mense sit in hierdie kerkgebou.

'n Honderd van hulle sien vir God raak.

Hulle ervaar Sy teenwoordigheid.

Hulle besef dat dit 'n Bet-El is: huis van God.

En die ander honderd gaan huistoe sonder dat hulle vir God ontmoet het.

- Vir hulle was dit net 'n plek van klippe.

- 'n goeie ritueel.
- 'n leë byeenkoms.

Hoeveel toeriste besoek elke jaar die Drakensberge.

- Vir baie is dit net 'n mooi berg.
- Asemrowend.
- Onbeskryflik.

Vir ander is dit Bet-El.

- God is hier teenwoordig.

Twee pappas staan in die kraamsaal by hulle vroue wat geboorteskenk.

- Die een sien 'n baba raak wat gebore word.
- Pragtig.
- Volmaak

Die ander pappa sien die Skepper raak.

- Wat 'n baba so perfek skeep.
- Vir hom is die kraamsaal Bet-el.
- Huis van God.

Voordat Jakob vertrek sit hy die klip waarop hy gelê het regop:

<sup>22</sup> *Hierdie klippilaar wat ek regop gesit het, sal 'n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U 'n tiende gee."*

Kan ek vir julle iets vra?

- Was Bet-el van daardie dag af 'n tempel gewees?
- Was daar 'n groot mooi gebou gewees?
- Was daar 'n goeie musiekgroep met mooi musiek.
- Was daar 'n goeie prediker?
- Sterk jeugaksies?

Nee, glad nie.

Daar was net 'n klip wat regop gestaan het.

Maar dit was 'n tempel.

Hoekom was dit dan 'n tempel?

Wat maak van 'n gewone plek 'n tempel?

Die feit dat Jakob vir God raakgesien het.

Hierdie is net 'n gewone gebou.

- Dit word vir jou 'n tempel wanneer jy vir God hier raaksien.
- As jy hier instap en sê: God is hier.
- Dan is hierdie vir jou 'n tempel.
- Anders bly dit net 'n plek van klippe.

Moses:

*Eksodus 3:3* **3** *Moses het die kleinvee van sy skoonpa Jetro, 'n priester van Midian, opgepas. Hy het die kleinvee diep die woestyn in gejaag totdat hy by Horeb, die berg van God, gekom het.* <sup>2</sup> *Toe verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vlam binne-in 'n doringbos. Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie.* <sup>3</sup> *En Moses sê vir homself: "Ek wil tog 'n bietjie nader gaan om hierdie wonderlike verskynsel te bekyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie?"* <sup>4</sup> *Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: "Moses! Moses!" En hy antwoord: "Hier is ek."* <sup>5</sup> *Die Here sê toe vir hom: "Moenie nóg nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond."*

Elia:

*1 Kon 19:11* <sup>11</sup> Maar die Here sê vir hom: “Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan.” Skielik was daar ’n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar ’n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie. <sup>12</sup> Na die aardbewing was daar ’n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar ’n fluistering in die windstilte. <sup>13</sup> Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan.

Dawid:

*Ps 139:*<sup>7</sup> Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom? <sup>8</sup> Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. <sup>9</sup> Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste, <sup>10</sup> ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas. <sup>11</sup> Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om in nag te verander, <sup>12</sup> maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig.

Waar is God?

- Oral
- Op elke plek
- In elke vertrek.
- In elke kerk.
- In elke skool.
- Op elke oop stuk veld.
- Bo-op elke berg.
- In elke straat.

Iemand het eenmaal geskryf:

Elke bos brand van God

Maar net die wat dit sien, trek hulle skoene uit...

## **Baie keer besef ons nie dat God hier is nie.**

*Rigt 13:15* <sup>15</sup> Toe sê Manoag vir die Engel van die Here: “Wag tog ’n rukkie, dan maak ons vir u ’n bokkie gaar.” <sup>16</sup> Die Engel van die Here sê toe vir Manoag: “Al laat jy My ’n rukkie wag, sal Ek nie jou kos eet nie. Maar as jy ’n brandoffer wil bring, moet jy dit vir die Here bring.” **Manoag het nie besef dat dit die Engel van die Here is nie**

- Manoag en sy vrou wou graag 'n kind hê.
- God stuur 'n engel om vir hulle te gaan sê Hy gaan vir hulle 'n kind gee.
- Dan kom die engel en kom staan reg voor Manoag.
- **MAAR: Manoag het nie besef dat dit die Engel van die Here is nie**
- So naby - en tog so ver.
  - Manoag
  - Engel (God se verteenwoordiger)
  - Maar Manoag het nie besef dat dit 'n engel is nie.
- 'n rukkie later het sy oë oopgegaan en hy het besef dit is 'n engel.
  - Dit is God se verteenwoordiger.
- En toe sien hy die wonderlikste dinge wat hy in sy hele lewe gesien het.
- 'n Vlam het van die altaar af tot in die hemel gegaan.
- En die engel het in die vlam opgegaan na die hemel.
- En op daai oomblik het hulle besef: God is hier.
- *En Manoag en sy vrou het dit gesien en hulle het platgeval op die grond. (Rigt 13:20)*

Wat 'n wonderlike ontdekking as 'n mens agterkom: God is hier.

*Johannes 10:19* <sup>24</sup> Die Jode het daar om Hom saamgedrom en vir Hom gesê: “Hoe lank gaan u ons nog in onsekerheid hou? As u die Christus is, sê dit reguit vir ons..... <sup>31</sup> Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig..... <sup>33</sup> “Dis nie oor ’n goeie daad dat ons jou wil stenig nie,” antwoord die Jode Hom, “maar oor godslastering, omdat jy, wat ’n gewone mens is, jou as God voordoen.” .... <sup>42</sup> Baie mense het daar tot geloof in Hom gekom.”

- Ons het Donderdag in ons manne-Bybelstudie gezyk na hierdie gedeelte.
- Hier staan hierdie massiewe skare mense.
- Hulle het net een groot droom: om die Messias te ontmoet.
- Hulle het vir jare gewag dat Hy moet kom.
- Hulle het uitgesien na Sy koms.
- Hulle het die profesieë gelees.
- En hier staan Hy voor hulle.
- So naby dat een van die vrouens aan Sy kleed kon vat.
- "Is jy die Christus?"
- "Sê vir ons!"
- En toe Hy "ja" sê, toe wil hulle Hom doodmaak.
  
- So naby aan God.
- Maar hulle sien Hom nie raak nie.
  
- Hulle soek Hom daar ver (anderkant)
- Hulle bring offers vir die ver God.
- Hulle hou al die streng reëls.
- Hulle is so besig dat hulle nooit raaksien dat Hy by hulle is nie.
  
- Vers 42 sê: die wat dit raakgesien het, se lewens het verander.

## **Ten slotte:**

En so is elkeen van ons se lewe.

- Die hospitaalsaal is vir baie net 'n plek van klippe.
- Vir ander is dit Bet-El.
  
- Die dood van 'n geliefde is vir baie net 'n plek van klippe.
- Vir ander is dit Bet-El.

Nagmaal is vir baie mense niks anders as wyn en brood nie.

Leë simbole.

Vir ander is dit Bet-el.

God is teenwoordig.

Daarom:

Dis baie meer as net brood en wyn.

Dis Sy liggaam en Sy bloed.

Dis vergifnis van Sonde.

Dis nuwe lewe.

Dis dood en opstanding.

Sommige sien 'n tafel raak met klomp silwerbordjies daarop.

Ander sien 'n tafel - met God by die tafel.

Sommige sien 'n dominee raak wat dit uitdeel.

Ander sien die Here Jesus self raak wat sê: Dis my liggaam en my bloed - dis vir jou!

Die nagmaalsformulier sê: as hierdie vanaand vir jou Bet-El is

- As God se teenwoordigheid hier ervaar
- As jy Sy teenwoordigheid sien by die tafel

Dan kan jy vanaand Sy teenwoordigheid vier met brood en wyn.